JERIGO MURE GEBEDSGIDS – APRIL 2009

Woensdag 1 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat skoolkinders gedurende pouses en selfs na skool bymekaar sal kom en tyd sal maak om te bid vir die komende verkiesing en ons land. Bid ook dat studente by alle tersiêre instellings vir gereelde gebedstye byeen sal kom en dat hulle tot God sal roep vir die komende verkiesing en ons land.

Gebedsfokus op redding: Taalgrens

Slegs 3% van die wêreldbevolking praat 'n taal waarin die evangelie nog nie opgeteken is nie (*Joshua Project*, webruimte http://www.joshuaproject.net/ of e-pos: info@joshuaproject.net). Hou aan bid dat die Skrif binne die volgende 10 jaar in al die oorblywende tale vertaal sal word. Vra dat God die arbeiders sal oproep en hulle met begrip en insig sal toerus om hierdie baie belangrike werk te doen.

Donderdag 2 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Gelowiges in tronke gereelde tye vir gebed vir die verkiesing sal reël om God se Woord en beloftes vir geestelike deurbraak in ons land uit te roep.

Gesondheidsfokus: Nuwe instrument om middele-weerstandige tuberkulose te diagnoseer

Kliniese toetse wat met 'n nuwe molekulêre tegniek gedoen is, het bevind dat dié tegniek effektief werk om veelvuldige middele-weerstandige tuberkulose (MDR-TB) in omgewings wat arm aan hulpmiddels is, gou te identifiseer. Suid-Afrika se Nasionale Gesondheidslaboratoriumdienste en *Mediese Navorsingsraad (MNR),* en die *Foundation for Innovative Diagnostics (FIND)* het saamgewerk om 30 000 pasiënte te toets wat vermoedelik tussen 2007 en 2008 MDR-TB in Suid-Afrika gehad het. Dit is die eerste toets van sy soort wat tuberkulose kan identifiseer en is volgens die waarnemende direkteur van die TB Epidemiologie- en intervensie-navorsingseenheid by die MNR die eerste nuwe instrument vir die diagnose van tuberkulose in 50 jaar. (Webruimte: http://www.scidev.net/en/health/tuberculosis/news/powerful-new-tool-to-diagnose-drug-resistant-tb.html). Dank God dat Hy gebede vir wetenskaplike deurbrake verhoor.

Vrydag 3 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat stede en dorpe 'n oproep sal doen op halfnag- of ander gebedswake om te bid vir ons land en die komende verkiesing. Vra dat gemeentes en Christelike bedienings spesifieke en gereelde gebedstye vir die verkiesing en ons land sal instel en deurvoer.

Woordfokus: *Boek van Hoop*

In Italië het baie min Christene 'n ware verhouding met Christus, alhoewel hulle daarop aanspraak maak dat hulle 'n Christelike bevolking het. Daar is egter 'n gemeente in Palermo, Italië, wat bid dat die situasie sal verander namate hulle 2 500 eksemplare van die *Book of Hope* versprei. Hulle het die boek aan die onderwysers wat godsdiensonderrig gee, bekend gestel, aangesien baie mense in die gemeente onderwysers is. Baie gebruik nou reeds die *Book of Hope* as die amptelike boek vir die godsdiensonderrigperiode. Bid dat talle kinders op die boodskap van redding in die boek sal reageer. (Lars Widerberg, Intercessors Network, Storskiftesgatan 87, S-58334 Linkoping, Sweden. E-pos: Intercessors.Network@Comhem.se of Intercessors.Network@Telia.com).

Saterdag 4 April 2009

Gebedsfokus op die jeug: Tieners en kinders

Die Suid-Afrikaanse jeug ervaar dubbeld die hoeveelheid geweld in vergelyking met volwassenes. Kinders en die jeug in Suid-Afrika is kwesbaar as gevolg van die gewelddadige gemeenskappe waarin hulle bly. Hulle is dikwels slagoffers van geweld, maar hulle leef ook saam met geweld, wat beteken dat hulle begin aanvaar dat geweld 'n manier is om probleme op te los. Maar deur by ontspanningsaktiwiteite betrokke te wees, kry kinders 'n gevoel van hoop, 'n doel en selfrespek, en dit skep 'n omgewing vir gesonde verhoudings. (*HEARTLINES*, tel.: 011 771 2540. Webruimte: http://www.heartlines.org.za of e-pos: info@heartlines.org.za).

Dank God vir baie inisiatiewe wat reeds aan die gang is en 'n verskil maak. Vra die Here hoe u en u gemeente by soortgelyke aktiwiteite betrokke kan raak.

Risiko van terugkeer van borskanker laag na 5 jaar

'n Nuwe studie toon dat vroue wat vyf jaar oorleef nadat borskanker by hulle gediagnoseer is, 'n goeie kans staan om kankervry te bly. In die mees breedvoerige studie van dié aard, toon 'n nuwe verslag dat 89% van hierdie vroue siektevry bly vir 10 jaar na die diagnose en 81% is na 15 jaar nog kankervry. (Webruimte: http://www.azcentral.com/news/articles/2008/08/13/20080813breastcancer0813.html?source=nletter). Dank die Here dat Hy gebede beantwoord en dat Hy belangrike deurbrake, spesifiek ten opsigte van borskankernavorsing, laat gebeur het. Hou aan bid dat hierdie siekte wat vroue doodmaak, binne die volgende 10 jaar heeltemal oorwin sal word.

Vroue wat bid: Leer jou kinders om te bid

'n Mens leer 'n kind nie in een dag om te bid nie. Dit vereis lang gesprekke (met hulle), demonstrasie (deur jouself) en oefening (laat hulle dit self doen). Hulle leer die maklikste as hulle jou hoor bid. Kinders doen wat hulle ander sien doen. Hier volg 'n paar idees oor hoe om 'n leefstyl van gebed by jou kinders te kweek. Leer hulle om met God te praat asof Hy 'n werklikheid is (wat Hy inderdaad is), sodat hulle graag met Hom sal wil praat!

1. **Wees eerlik in gebed:** Ons kan kinders leer om 'dankie', 'jammer' en 'asseblief' vir die Here te sê op dieselfde manier as wat ons hulle leer om dit vir ons te sê. Ons kan hulle help en leer om ander te vergewe en uiters belangrik, om hulleself te vergewe. Dit is nie altyd maklik nie, maar dit is belangrik vir kinders om te weet dat hulle eerlik met God mag wees en vir Hom kan sê wat vir hulle moeilik is. So leer hulle om vir die Here te vra om hulle te help om te wil vergewe.
2. **Maak gesinsgebed 'n gewoonte:** Gesinstye van gebed kan tye van spanning of genot wees. Weet dit en moenie mismoedig raak nie. Bid aan die begin van maaltye. Maak seker dat julle as 'n gesin saambid – alle lede ingesluit – ten minste een keer per week. Gee elkeen 'n kans om te bid ongeag hoe eenvoudig die gebed.
3. **Bid altyd**: As kinders na jou kom met 'n probleem, luister fyn. Vra eers vir hulle hoe húlle dink die situasie kan verbeter. Help hulle as dit vir hulle moeilik is. Gebruik dan die oomblik om vir hulle te leer om dit daar en dan vir God te vra. Dit is belangrik dat jy 'n voorbeeldgebed bid en dit is ook belangrik dat jy hulle sélf laat bid. Op die manier leer hulle hoe om self te bid as hulle probleme het of voor moeilike situasies te staan kom.
4. **Bid wanneer iemand siek is**: Kinders glo alles is moontlik totdat liggelowige ouers vir hulle sê dit is nie! Daar is nie beter gebedsoldate vir siekes as kinders nie. Jesus het gesê ons moet na Hom toe kom soos kinders. As iemand in die gesin nie gesond voel nie, doen spesiaal moeite om vir mekaar te bid sodat gebed vir die siekes deel van die kinders se leefstyl word.
5. **Gebed kan sang wees**: Kinders is lief om te sing. Sang is vir die Here 'n baie belangrike deel van gebed. Dit leer kinders om God te aanbid ook vir wie Hy is en nie net vir dit wat Hy vir hulle kan doen nie. Maak seker dat jy dikwels en spontaan vir die Here in die huis sing. Sing bekende aanbiddingsliedere of spontane liedere oor wie God is. Dit sal kinders leer om self vir God te sing.
6. **Bid terwyl jy lees**: Alle kinders is lief vir boeke wanneer hulle klein is. Vra die Here hoe jy hulle met die Bybel kan boei. Maak seker dat jy gereeld vir hulle uit die Bybel lees. Moenie net uit kinderbybels lees nie, maar soms ook uit jou eie Bybel. Oefen om dit wat jy lees op praktiese situasies toe te pas en vra die kinders om daaroor te bid.
7. **Doen jou tuiswerk**: Kyk of jy een keer per week of van tyd tot tyd saam met ander ma's 'n groep kinders bymekaar kan kry. Maak beurte om elke week 'n gebedstema uit te werk, iets wat die kinders saam kan doen. Daar is baie bronne met idees oor hoe om kinders te leer bid. Maak seker dat jy spesiale moeite doen om in jou kinders se lewens te belê.
8. **Bid die Woord**: Help hulle om Skrif oor elke dag se probleme te bid en te proklameer. Dit sal vir jou ook werk! Hier is 'n paar voorstelle:
   As God ver voel: *Nader tot God en Hy sal tot julle nader* (**Jakobus 4:8**).
   As hulle sukkel om God te glo: *Ek glo … Help my in my ongeloof* (**Markus 9:24**).

Wanneer hulle bang is oor iets: *Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing* (**2 Timoteus 1:7**).
As hulle mismoedig voel *Waarom is ek so in vertwyfeling?... Vertrou op God!* (**Psalm 42:6**).

Sondag 5 April 2009

Memoriseer
Die Here is naby die gebrokenes, Hy help die moedeloses (**Ps.34:19**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … met jou hele hart/siel/verstand
Jesus antwoord hom: "'*Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself*'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: Dit is moeilik om noukeurig aan te dui wat die vermelding van hart, siel en gees hier beteken, aangesien elke deel 'n bietjie met die ander oorvleuel. Die verstand maak die bedoelings van die hart bekend. Dit is die siel wat na God opgehef word wanneer neerslagtige emosies dit bedruk maak. Sommige verse voeg selfs "krag" by. Een ding staan vas. God wil hê dat ons duidelik moet verstaan dat Hy wil hê dat ons Hom en Hom alleen moet aanbid. Oor die algemeen word die hart as die setel van ons emosies gesien; die verstand/siel het te doen met ons wil of besluitneming nadat ons 'n saak oorweeg het. Dit sluit alles wat ons dink, besluit en voel in. Al hierdie weë van die mens moet onderwerp word aan die weë van God, bedoelende dat ons moet dink soos Hy dink (om die gedagtes van Christus te hê), en vanuit hierdie gedagtes godvresende besluite moet neem (wat Hom eer en behaag en volgens Sy wil is) en ons emosies (die wyse waarop ons voel) oorgee aan die waarheid van God se Woord en nie ons omstandighede nie. Dit is nie 'n maklike gebod om na te kom nie!

Kyk na binne: Dit is nie moeilik om te sien hoeveel meer ons onsself nog aan God moet oorgee nie! Ons moet dit elke dag doen en so gereeld as wat die Heilige Gees ons lei, dan sal die bose dit al hoe moeiliker vind om 'n houvas op ons te kry.

Kyk na God: Vader God, ek neem vandag opnuut die besluit om my weë aan U toe te wy. Vernuwe my gedagtes na Christus se gedagtes; gee 'n opregte gees in my. Vorm my om soos U te wees en U te volg in al U weë, gedagtes en emosies.

Maandag 6 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Christene sal bid en leef sonder vooroordeel, kompromieë of vrees vir mense in die aanloop tot die verkiesing in die land. Vra dat hulle getrou sal bly met gebed en vas.

Gebedsfokus op redding: Politieke leiers
Politieke leiers het baie invloed oor hulle volgelinge. Bid spesifiek vir die leiers van alle politieke partye in Suid-Afrika. Noem diegene wat die Here op jou hart druk by die naam. Bid dat hulle 'n diep en persoonlike verhouding met die Here Jesus Christus sal hê. Vra dat hulle nederig sal wees, met integriteit sal leef, ware leiers sal wees en godvresende beginsels sal uitleef en bevorder.

Dinsdag 7 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat 'n hernude bewuswording van en vrees vir God oor alle Suid-Afrikaners sal kom, sodat almal hulle oë sal wegdraai van mense (prinse en konings) en na God sal kyk.

Gebedsfokus op redding: Tanganjikameer
Bid asseblief vir die verlore mense van Tanganjikameer (**Jer.29:10-14a**). Vra dat God Sy beloftes wat Hy vir hulle het sal vervul, asook Sy planne om hulle voorspoed te laat ervaar en om hulle nie skade aan te doen nie, en planne om hulle hoop en 'n toekoms te gee. Bid dat hulle God met hulle hele hart sal begin soek. Dank God vir die vooruitgang van Sy koninkryk. Verskeie gemeentes en uitreikgroepe het met die sendelinge hande

gevat en so God se Hart vir die verlorenes gewys. Prys God vir Sy genade en liefde. (*ProChristo, Good News II Ministry*. Tel.: +26097 719 9322. Webruimte: www.ltprayer.org of e-pos: gnews2@gmail.com).

Woensdag 8 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir godvresende mans en vroue wat verantwoordelikheid sal aanvaar om daagliks persoonlik vir die komende verkiesing en die land te bid. Bid dat hulle die verantwoordelikheid sal aanvaar om ander aan te moedig en te mobiliseer om saam te begin bid vir die komende verkiesing en ons land.

Gebedsfokus op die Woord: Film-uittreksels uit Bybel in Asië beskikbaar

Twaalf kort filmuittreksels van gedramatiseerde Skrifgedeeltes in 'n belangrike Asiese taal is feitlik gereed om aan die publiek beskikbaar gestel te word. Dit duur van twee tot sewe minute. Dit is spesifiek ontwerp om van die Internet afgelaai te word en van een persoon na 'n ander aangestuur te word deur middel van selfone. Bid dat hierdie "lokprente" baie mense sal trek om die volle oudio-gedramatiseerde Bybelstories af te laai of na video's van Skrifgedeeltes te kyk. Vra dat diegene wat soekend na God is, hierdie bronne in hulle eie taal sal vind en Hom persoonlik sal leer ken. (Barry en Kathy Marais. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Donderdag 9 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Christene met volharding sal aanhou roep tot God, Sy Naam sal verkondig en Sy magtige dade oor ons volk sal uitroep.

Gebedsfokus op redding: Jode

Die Jode vier van 9-16 April 2009 die Paasfees. Gedurende hierdie tyd gedenk hulle hulle bevryding uit Egipte. Hulle vier die Paasfees (9de), die Fees van die Ongesuurde Brood (10de-16de) en die Fees van die Eerste Vrugte (11de). Laat ons in hierdie tyd ook bid dat baie Jode sal begryp wat Jesus Christus op Golgota gedoen het en Sy opstanding as die eerste vrug uit die dood sal begryp. Vra dat hulle harte oop en ontvanklik sal wees vir die evangelie-boodskap regoor die wêreld. (*Christian Friends of Israel*, e-pos: allwiese@lantic.net. Tel.: 012-361 1437).

Vrydag 10 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir die voorbereidingsproses vir die verkiesing, veral vir die beamptes wat verantwoordelik is vir die opstel van die stemlokale. Vra dat dit alles met integriteit en met die gesindheid van 'n dienaar sal plaasvind.

Goeie Vrydag

Die meeste Christene in die Westerse wêreld vier vandag **Goeie Vrydag.** Bid dat God vandag die harte en gedagtes van miljoene mense in Suid-Afrika sal aanraak en hulle opnuut sal laat besef watter ontsagwekkende geskenk van Lewe hulle ontvang het. Vra dat baie sal verstaan waaroor God se genade gaan. Bid dat baie oë oopgemaak sal word en dat duisende vanuit die duisternis na die lig sal draai – en vanuit die mag van Satan na God, dat hulle vergifnis van sonde sal ontvang, en dat hulle 'n plek sal kry tussen diegene wat deur geloof in Christus heilig gemaak is (**Hand.26:18**).

Saterdag 11 April 2009

Gebedsfokus op padveiligheid: *Highway Ministry* Gebedspatrollie

Highway Ministry is 'n interdenominasionele bediening gerig op die padvervoer- en taxi-bedryf, sowel as alle ander padgebruikers. Dit is 'n nie-winsgewende organisasie met 'n missie om die Woord aan alle padgebruikers te verkondig en die liefde van Jesus Christus in hulle harte te laat posvat. Bid dat hierdie inisiatief stewig gevestig en goed ondersteun sal word. Vra dat dit 'n instrument sal wees om ware transformasie in die harte en gedagtes van Suid-Afrikaanse padgebruikers teweeg te bring. Bid vir guns by ander rolspelers waar die organisasie poog om aansluiting by bestaande programme soos *Arrive Alive* te vind

en hulle te versterk. (*Highway Ministry*. Tel.: 016 349 1996, faks: 086 502 8441 of e-pos: highwaymin@lantic.net).

Gebedsfokus op kinders: *Beautiful Gate Ministries International (BGMI)*
Daar is 'n toenemende aantal bedienings wat op voetsoolvlak werk en op 'n korttermynbasis spanne verskaf wat kinders op verskillende plekke besoek en help om die kinders se lewensomstandighede te verbeter. *BGMI* het ten doel om die lewensgehalte van kinders en gesinne op die Afrika-kontinent te verbeter. Hulle is werksaam in Suid-Afrika, Zambië en Lesotho, en is in vennootskap met ander organisasies wat hulle roeping, waardes en beginsels deel. Bid vir die spanne met spesifieke vaardighede wat op kort termyn besoek aflê om die gemeenskappe toe te rus met dit wat hulle nodig het. (*Children at Risk* Prayer News. Webruimtes: http://www.viva.org/ of http://www.facesofchildren.net/ of e-pos: pray@viva.org of info@facesofchildren.net. *BGMI* webruimte: http://www.beautifulgate.org/).

Sondag 12 April 2009

Memoriseer
"Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir Sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit Galilea toe. Daar sal julle Hom sien. 'Dit is wat ek vir julle moes sê" (**Matt.28:6-7**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … die eerste gebod
Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: Die eerste gebod – om die Here lief te hê – word in meer besonderhede in **Eksodus 20:1-11** verduidelik. God beveel dat ons nie ander gode sal aanbid nie, nie afbeeldings van ander gode sal maak nie, hulle nie sal dien nie en nie voor hulle sal buig nie. Hy verlang verder dat ons Sy Naam sal eerbiedig en die Sabbatdag sal heilig. Jesus het nie gekom om hierdie gebooie weg te neem nie, maar om dit te vervul. Om die Here jou God lief te hê is in werklikheid 'n opdrag. Wat God hier sê, is nie 'n voorstel nie, maar 'n gebod, en ons sal volgens hierdie gebod geoordeel word.

Kyk na binne: Eer jy God se Naam? Of gebruik jy dit selfs op 'n "Christelike manier" sonder enige direkte gesprek met Hom? Kom die "*O my God*"-frase wat so algemeen gebruik word, ook oor jou lippe? Sit jy een dag per week opsy vir jou en jou gesin as 'n dag van toegewyde aanbidding van God? Maak tyd om weer die Tien Gebooie te lees en vra God om jou uit Sy hart te wys wat dit prakties vir jou vandag beteken. Die *Tien Gebooie* is nie *Tien Voorstelle* nie. Dit is gebooie wat onderhou moet word. Ons sal ooreenkomstig hierdie gebooie geoordeel/beloon word. Bid oor elkeen en verander jou lewe om daarmee te strook.

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek, selfs as Christen, nie U Naam in my alledaagse gesprekke eer nie. Maak my sensitief om U te eer in alles wat ek sê. Leer my wat dit beteken om werklik op praktiese maniere die eerste gebod na te kom.

Paassondag
Die meeste Christene in die Westerse wêreld vier vandag **Paassondag.** Die eerste Paasfees is deur die Israeliete in Egipte gehou. God het hulle van Sy wraak en oordeel vrygestel toe Hy deur Egipte gegaan het om die eersgeborenes van alle gesinne te laat sterf. Hulle geloof het hulle gered. God het gesê: *waar Ek die bloed sien, sal Ek die huis oorslaan* (**Eks.12:13**). Nou, 2 000 jaar later, weet ons dat Jesus doodgemaak is as die finale offer vir al die sondes van alle mense. Bid dat ons as Christene God sal dank omdat Hy Jesus Christus gegee het om vir ons te sterf. Bid ook dat die ongereddes Jesus sal aanneem as die geskenk van die Ewige Lewe. Vandag verheerlik ons God vir Jesus Christus as die Getroue Getuie, die Eersgeborene uit die dood en die Heerser oor die konings van die aarde. *Uit liefde vir ons het Hy ons deur Sy bloed van ons sondes verlos*

en ons Sy koninkryk gemaak, priesters vir God Sy Vader. Aan Hom behoort die heerlikheid en die krag tot in alle ewigheid! Amen (**Op.1:5-6**).

Maandag 13 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat Christene positief sal bly en tot ware seën vir ander sal wees, selfs vir mense wat hulle nie met respek behandel nie, dat hulle diegene sal seën wat hulle vervloek. Bid dat Christene lewende getuies van God se liefde en hoop sal wees vir diegene wat worstel met wanhoop en vrees.

Gebedsfokus op redding: Polisiemanne en -vroue

Lede van die Polisiediens leef onder geweldige stres omdat hulle elke dag met allerhande konfliksituasies te kampe het. Baie word die prooi van dreigemente en omkopery en word by sindikate se aktiwiteite betrek. Bid asseblief vir hulle almal, ongeag hulle posisie of rang, dat hulle sal wegdraai van onwettige praktyke en hulle verkeerde dade sal regstel. Bid dat baie hulle lewens aan Jesus Christus sal oorgee en getrou hulle werk sal doen. Bid ook dat diegene wat getraumatiseer is, gesond sal word en sal herstel.

Dinsdag 14 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat duisende mense Christus sal aanneem as gevolg van volgehoue gebed vir die verkiesing en ons land. Bid dat daar baie getuienisse in die media sal wees van God se beskerming en ingryping in onmoontlike situasies, en dat ander so aangemoedig sal word om hulle lewens aan Hom oor te gee.

Gebedsfokus op onbereikte mense: Die Vishwa Brahmin van Indië

Die Vishwa Brahmin word op die oomblik nie as 'n bevolkingsgroep gereken wat belangrik genoeg is om politieke verteenwoordiging in Indië se regering te hê nie. Dit veroorsaak probleme vir hulle, ten spyte van die hoë vlak wat hulle in Indië se sosiale en godsdienstige instellings inneem. Daar is baie min Vishwas wat in Christus alleen glo. Bid dat God die regte mense sal belas om met die Vishwa Brahmin bevriend te raak en vir hulle te wys dat die evangelie inderdaad vir hulle bedoel is. Vra dat die Vishwa Brahmin die behoeftes in hulle lewens sal raaksien wat Hindoe-gelowe en -praktyke nie kan bevredig nie. Bid dat die Heilige Gees die Vishwa Brahmin sal lei om te klop, te soek en hulle Verlosser te vind. (*Global Prayer Digest*, e-pos: GPDMOD@wciu.edu).

ARTIKEL: Hoe 'n kinderlose paartjie kan bid

Daar is baie meer mense wat kinderloos is as wat ons vermoed. Dit is normaalweg uiters traumaties, ongeag of die probleem by die man of die vrou lê. Sommige voel dat God hulle straf, ander dat hulle nie waardig is om kinders groot te kan maak nie, dat hulle mislukkings is of dat daar iewers sonde in hulle lewens is wat verhinder dat God hulle seën. Hoewel dit onmoontlik is om 'n antwoord op al die vrae te gee, is daar tog riglyne wat ons kan aanspoor om met geloof vir sulke paartjies te bid dat God gebed antwoord. Hier volg 'n aantal riglyne vir kinderlose paartjies:

- Maak seker van julle verhouding met die Here. Lewe julle in 'n lewende verhouding met Jesus Christus? God is heel eerste geïnteresseerd in julle verhouding met Hom. Al die ander dinge vloei daaruit voort. Moenie vinnig oor hierdie saak gaan nie. Maak seker.
- Hanteer elke vorm van sonde. Moenie gaan soek vir sonde nie, maar vra die Here of daar enige iets is wat Hom hinder. Vra die Heilige Gees om te wys of daar iets tussen julle en die Here staan. God veroordeel nie, Hy is genadig en wil vergewe en ons van sonde reinig.
- Baie paartjies wat kinderloos is dink hulle het een of ander sonde gedoen en daarom straf die Here hulle en/of Hy wil nie vir hulle sê wat hulle verkeerd gedoen het nie. Gaan dink oor hoe jy God sien: sien jy Hom as 'n Vader wat wag dat jy iets verkeerd doen sodat Hy jou kan straf, of dalk as 'n Vader wat onwillig is om jou te help en nou moet jy smeek en pleit dat Hy van plan sal verander – dat jy deur gebed Sy onwilligheid moet oorkom? Ek wil aanbeveel dat beide van julle tyd sal neem en gaan neerskryf wat julle emosies rondom God is, hoe julle oor Hom dink of oor Hom voel. Wees eerlik daaroor – God weet in elk geval wat

julle dink en beleef. Sê dit dan vir Hom en vra Hom om julle denke en emosies in lyn te bring met hoe Hy werklik is. Sien julle Hom as 'n Vader van liefde (regtig liefde), wat onvoorwaardelik liefhet, 'n Vader wat goed is, 'n Vader wat genadig is en 'n Vader wat vergewe? Dit bepaal hoe julle gaan bid.

- Bid met vrymoedigheid en vra Hom vir 'n kind. Glo in God en glo God. Dit beteken: "Here ons vra U vir 'n kind. Vir U is niks onmoontlik nie."
- Dit beteken ook: "Here, laat U wil geskied. U weë is nie ons weë nie. Wat U besluit is reg. Ons onderwerp ons aan U wil, maar ons vra ook met vrymoedigheid want U is ons Vader." Daar kan redes wees waarom God nie toelaat dat julle kinders kan hê nie, maar dan moet julle verstaan dit is nie noodwendig omdat God julle straf of omdat God julle minag nie.
- Moenie mekaar veroordeel as niks gebeur nie. Moenie dat dit 'n wig tussen julle indryf nie. Moenie jouself veroordeel as die fout by jou lê nie. Meestal is dit vir mans moeiliker as hulle weet die "fout" is by hulle. Dit tas hulle manlikheid aan en dit lei dikwels tot 'n swak selfbeeld en allerlei onnodige afleidings en emosies. Vrouens beleef dit anders. Daarom moet beide van julle hierdie emosies probeer verwoord en dan daaroor bid.
- Leef in vreugde en hoop. God is goed en God is getrou en God is steeds almagtig en in beheer al sou daar nooit 'n baba wees nie. Moenie toelaat dat die duiwel julle vreugde steel nie en moenie onder sy veroordeling en beskuldigings leef nie.
- Vra die Here wat Hy vir julle wil sê oor die situasie. Luister mooi. Soms kan ons so ingestel wees om net te vra en met God te worstel dat Hy 'n baba moet gee, dat ons nie mooi luister wat Hy in die situasie wil sê nie.
- Indien julle ouers of julleself by okkultiese aktiwiteite betrokke was, is dit raadsaam om saam met iemand wat genoeg kennis oor hierdie sake het, te bid.
- Daar is etiese perke aan ons pogings om 'n baba te kry. Daar is byvoorbeeld geen probleem met die aanneem van kinders nie. Maar wanneer ons kom by surrogaat-moeders, die gebruik van die saad van 'n ander man, ens. is ons by 'n plek waar ons die grense van die Skrif oorskry. Ons moet met integriteit voor God leef, sedelik rein en heilig. Dit is God se bedoeling met die Skrif. Hierdie opmerking is nie om te veroordeel nie, maar wel om te waarsku en leiding te gee.
- Riglyne vir ander wat vir 'n kinderlose paartjie bid: Dit is belangrik dat mense wat vir sulke paartjies bid, nie veroordelend sal bid nie, en bv. aanneem dat die paartjie nie met geloof bid nie, of dat daar sonde in hulle lewe is nie. Moenie maak asof jy die antwoord het nie. Luister liewer en bewys onvoorwaardelike liefde en tree met meegevoel op. Bid dat wanneer die paartjie vir mediese hulp gaan, die dokters die regte diagnose sal maak, met integriteit teenoor sulke paartjies sal optree en dat die Here die dokters sal gebruik om hulp te verleen.

Woensdag 15 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir die stemdag, dat daar geen bedorwe stembriewe sal wees nie en dat al die stembusse veilig vervoer sal word vir telling.

Gebedsfokus op die Woord: Kaukasiese vertalingsprojek

Regdeur die geskiedenis was die Kaukasiese streek 'n kruispad van beskawings. Tans bevat dit een van die hoogste konsentrasies van tale op enige plek in die voormalige Sowjet-Unie. Dit is uiters belangrik dat die Woord in hierdie plaaslike tale beskikbaar gestel moet word ten einde duidelik tot mense se harte te spreek. 'n Klein spannetjie hoop om 'n Bybelvertalingsprojek in een van hierdie tale te begin. Bid dat die span begaafde, gemotiveerde moedertaalsprekers kan identifiseer om as vertalers op te lei. Bid ook dat die span die belangrike vraag kan oplos oor watter dialek van die taal vir die vertaling gebruik moet word. (Barry en Kathy Marais. Webruimte: www.wycliffe.net of e-pos: Personnel_Southafrica@wycliffe.org).

Donderdag 16 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir diegene wat by sindikate betrokke is, dat hulle uit hierdie sindikate sal kan loskom sonder om vir hulle lewens te vrees. Bid vir diegene wat by dwelmnetwerke betrokke is, dat hulle vrygemaak sal word en dat hierdie netwerke in hierdie verkiesingstyd oopgevlek en gesluit sal word.

Gebedsfokus: *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*
Bid asseblief vandag vir elke vrywilliger wat by die verskillende kantore van die *Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk* regoor die land werksaam is. Dank God vir beskerming, versterking en voorsiening in al hulle praktiese en fisiese behoeftes. Bid asseblief vir komende gebedsprojekte wat fokus op die *Wêrelddag van Gebed* en vir guns dat baie mense landswyd by 24-7 gebed betrokke sal raak. Hou ook aan bid vir die druk en versending van die *Jerigo Mure Daaglikse Gebedsgids*. (*Jerigo Mure Internasionale Gebedsnetwerk*, Privaatsak X22, Lynnwoodrif, 0040. Tel.: 012 365 3213, faks: 012 365 3214. Webruimte: http://www.jwipn.com of e-pos: info@jwipn.com).

Gebedsfokus op redding: Neem 'n terroris in gebed aan
Die oorlog teen terrorisme vind primêr op 'n geestelike vlak plaas. Dit moet dus met geestelike hulpmiddele beveg word. Aan die een kant word dit gekenmerk deur 'n militante vorm van Islam. Hulle soek die dood van bekeerlinge wat Islam verlaat en maak enigiemand dood wat Mohammed beledig. Die ander kant bevorder gewetensvryheid en vryheid van spraak. Vrees is die primêre wapen teen hierdie vryhede en terrorisme is Satan se primêre instrument. As terroriste tot bekering begin kom sal terrorisme as 'n wapen misluk en die hele wêreld sal God se krag sien. Waar is die effektiewe en verenigde Christen-antwoord op terrorisme? Dit lê by gebed. Oorweeg dit om 'n terroris in gebed aan te neem. (Webruimte: http://www.atfp.org/).

Vrydag 17 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir almal wat by onwettige praktyke betrokke is, dat hulle hulle dwaasheid sal besef en sal ophou hiermee. Bid dat alle onwettige praktyke, sindikate en dwelmnetwerke oopgevlek en effektief stopgesit sal word. Bid dat die uitreiking van identiteitsboeke op die regte manier gedoen sal word. Bid vir die registrasieproses van Suid-Afrikaanse burgers wat oorsee woon.

Gebedsfokus op kinders: *Bethany Children's Trust (BCT)*
BCT maak ook 'n groot impak deur middel van kreatiewe idees en deur werklike oplossings te verskaf vir die behoeftes wat ondervind word. Hulle werk op die gebiede van konflik, gestremdhede, MIV/VIGS en straatkinders, deur vennootskappe met projekte in Zambië, Uganda, Rwanda en Togo te vorm, en hou daarvan om met projekte te werk wat die potensiaal het om regoor 'n streek of land gedupliseer te word. Bid asseblief vir die impak van hierdie organisasie, ook dat die opleiding en toerusting wat hulle verskaf, menslike verwagting ver sal oorskry. (*Children at Risk* Prayer News. Webruimtes: http://www.viva.org/ of http://www.facesofchildren.net/ of e-pos: pray@viva.org of info@facesofchildren.net. *BCT* webruimte: http://www.bethanychildrenstrust.org.uk/).

Saterdag 18 April 2009
Gebedsfokus op die Evangelie: Passiespel
Kaapstad se *Passion Play Ministries* gaan hulle jaarlikse vertoning van "He's Alive" van 18-26 April 2009 by die Bellville Stadsaal opvoer. Hulle is deel van die *International Ministry*, wat elke jaar 140 000 mense op drie verskillende kontinente (Afrika, Asië en die VSA) bereik. (*Passion Play of Cape Town*. Sel: 084 769 7350 of 072 585 2913. Webruimte: www.passionplay.org.za). Dank die Here vir hierdie inisiatief. Vra dat baie lewens deur hierdie bediening aangeraak, verander en herstel sal word.

Gebedsfokus op dwelmmisbruik: Naweek van gebed en vas
Hierdie naweek word die 19de jaarlikse *"Just Pray NO!"* vir dwelms *Worldwide Weekend of Prayer and Fasting* inisiatief gehou. Dwelmmisbruik word direk verbind met geweld en seksuele immoraliteit en is 'n vername bron van inkomste vir georganiseerde misdaad en terroriste-aktiwiteite. Bid dat die verslaafdes God met hulle hele hart, siel, verstand en met al hulle krag sal soek (**Deut.4:29**) en hulle vertroue in Jesus Christus as Verlosser en Here sal stel. Bid dat mense wat aan onsedelike luste verslaaf is, bevry sal word. (Webruimte: http://www.justprayno.org/).

Sondag 19 April 2009

Memoriseer
Die hemel en die aarde sal vergaan, maar My woorde nooit (**Luk.21:33**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … jou naaste soos jouself
Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel' en met jou hele verstand. Dit is die grootste en die eerste gebod. En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself'" (**Matt.22:37-39**).

Kyk rondom jou: God is liefde. Die fokus van die twee grootste gebooie wat Hy aan mense gegee het, is dus die kwessie van liefde. Net so belangrik as wat dit vir Hom is dat ons Hom moet liefhê, net so dringend nooi Hy ons ook uit om in ons alledaagse lewe en optrede liefde aan ons naaste te betoon – liefde vir almal rondom ons, of hulle vriende is of nie, familie of nie. Lees **Eksodus 20:12-17** om die besonderhede van wat hier bedoel word, te verstaan. Eer jou ouers – geen maar's nie. Moenie moord pleeg, egbreuk pleeg, steel of vals getuienis aflê nie, moenie goed begeer wat nie joune is nie. Jesus se koms het die erns van die eertydse wette in ons dae versterk. Hy sê in **Matteus 5:28**: "Julle het gehoor dat daar gesê is: 'Jy mag nie egbreuk pleeg nie.' Maar Ek sê vir julle: Elkeen wat na 'n vrou kyk en haar begeer, het reeds in sy hart met haar egbreuk gepleeg." Dit is wat in ons harte gebeur wat bepaal hoe ons hierdie gebod onderhou.

Kyk na binne: Wees eerlik met jouself. Ons almal sukkel op hierdie gebied. Ons gedagtewêreld is die begin van alle bose bedoelings. Sonde is die ontwikkelde weergawe van dit wat in die hart ontstaan het. Vra dat God jou Sy gedagtes oor die toestand van jou hart sal wys. Besluit om elke dag aan die toestand van jou hart te werk, sodat jy nie in sonde sal val nie.

Kyk na God: Vader, ek gee my hart vir U. Reinig asseblief my hart van die baie sonde wat ek in myself sien, selfs die dinge waarvan ek nie bewus is nie. Reinig my hart en vernuwe my gedagtes, nie net teenoor U nie, maar ook teenoor my naaste.

Maandag 20 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat daar op stemdag vrede in die harte sal wees van die mense wat kom stem, en dat geen geweldsoptrede sal plaasvind nie. Vra dat mense nie ontmoedig of verhinder sal word om te stem nie en dat daar ook nie met stembusse gepeuter sal word nie.

Gebedsfokus op redding: Tronkbewaarders
Tronkbewaarders word voortdurend aan die versoeking blootgestel om deel te word van gevangenes se skemas, met beloftes dat hulle geld sal maak. Gevolglik kompromitteer sommige hulle verantwoordelikhede. Vra dat die Heilige Gees hulle van sonde sal oortuig sodat hulle hul verkeerde dade sal regstel. Bid dat Christenbewaarders die moed sal hê om as Christene standpunt in te neem. Bid dat baie bewaarders Jesus sal aanneem.

Gebedsfokus op sending: Thailand
Suid-Afrikaanse sendelinge in Thailand skryf: Ons as gesin is dankbaar teenoor God wat ons in staat gestel het om ons tweede vierjaartermyn in Sy diens in Thailand te voltooi. Ons het op 28 September 2008 in Suid-Afrika aangekom vir 'n jaar verlof, waarna ons na Thailand sal terugkeer. Ons dogter, Azaria, reageer goed op die chemoterapie wat sy nou ontvang. Baie dankie vir u voortgesette gebede. (Joseph en Edwina Charles, Leonhof 20, Sydneystraat, Bellville 7530. Sel: 072 941 5628. E-pos: jecharles2003@yahoo.com).

Dinsdag 21 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat daar genoeg stembriewe by al die stemlokale sal wees op stemdag. Vra vir vrede tussen die kiesers en die lede van die *Onafhanklike Verkiesingskommissie.*

Gebedsfokus op die evangelisasie: *Trans World Radio (TWR)*
TWR vervaardig en saai radioprogramme in meer as 225 tale regoor die wêreld uit. Bid vir *Farming God's Way*, 'n program wat bedoel is om boere te wys hoe om deur middel van bestuur en rentmeesterskap van die omgewing winsgewende oeste op hulle grond te behaal. Die program wys hoe God se metodes op alle mense, nie net boere nie, van toepassing is, en gaan ook in baie Afrikatale vervaardig word. Bid dat God sal voorsien vir vertalings, produksies en lugtyd. (*Trans World Radio* – Africa. Posbus 4232, Kempton Park, 1620. Tel.: 011 974 2885).

Woensdag 22 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir stemdag, dat geen onluste of gevegte die lewens van mense sal eis of tot die beskadiging van eiendom sal lei nie. Roep tot God vir ontferming en genade.

Gebedsfokus op die evangelisasie: *Every Home for Christ Anglo Africa (EHCAA)*
EHCAA, in vennootskap met die *Disciple Nations Alliance,* is daaraan toegewy om die Kerk te dien in die herstel van God se heerlike visie vir die nasies, om die Kerk te help om 'n Bybelse beskouing van die wêreld aan te neem en om die Kerk te help om 'n praktiese bediening uit te leef wat tasbare demonstrasies is van Christus se liefde vir gebroke mense. (Kontak: Hein van Wyk, *EHCAA/Hope for Africa*, Posbus 9463, Centurion, 0046. Tel.: 012 665 0343, faks: 012 665 0381, sel: 082 349 8465. Webruimte: http://www.ehcaa.co.za of e-pos: hein@ehcaa.co.za). Bid asseblief vir bedienings soos hierdie, dat hulle effektief in hulle werk sal wees. Vra dat 'n honger en 'n dors na die Woord van God en die begeerte om Hom dag en nag aan te roep, die fondament van al hulle ondernemings sal vorm.

Donderdag 23 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die stemtellery sonder manipulasie of knoeiery sal plaasvind. Vra dat Christene sal aanhou bid vir God se barmhartigheid oor ons land totdat die resultate bekend gemaak word.
Gebedsfokus op kinders: Webruimte teen kinderpornografie
Die *Film- en Publikasieraad (FBR)* het die *Pro-Child* webwerf bekend gestel wat daarop gerig is om kinderpornografie in Suid-Afrika te elimineer. Die *Pro-Child* webwerf verskaf deur die Internetblitslyn die geleentheid aan lede van die publiek om gevalle waar beelde van die seksuele misbruik van kinders op die Internet voorkom, aan te meld en bloot te lê. (Webruimte: http://www.sangonet.org.za/portal/index.php?option=com_content&task=view&id=9732&Itemid=1). Dank die Here vir inisiatiewe soos hierdie. Bid dat dit suksesvol sal wees, nie net met die aanmelding van gevalle nie, maar ook met die vastrek van pedofiele en kindermolesteerders in Suid-Afrika.

Vrydag 24 April 2009
Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat God vrede in ons land sal gee namate die uitslae bekendgemaak word en dat leiers hulle nie daaraan skuldig sal maak om dinge te sê wat geweld of die uitbreek van oorlog kan aanwakker nie.

Die Mighty Men Conference
Die *Mighty Men Conference* gaan weer vanaf 24-26 April 2009 by Shalom plaasvind. Hierdie jaar se tema kom uit **Galasiërs 4:28**; Ons is '*kragtens die belofte kinders van God*'. Bid vir die begin van die konferensie vandag. Bid dat baie mans in hierdie tyd hulle lewens aan God sal gee. Bid dat hierdie konferensie die begin sal wees van 'n groot reiniging van ons mense en ons land. (*Shalom Ministries*, Posbus 373, Greytown, 3250. Tel.: 033 417 1695, faks: 033 417 1425. Webruimte: www.shalomtrust.co.za of www.mmc09.co.za of e-pos: shalom@futuregtn.co.za).

Gebedsfokus op Israel: Om voor die Here bymekaar te kom
Jesus het die begeerte gehad om Israel om Hom bymekaar te maak soos 'n hen haar kuikens onder haar vlerke bymekaarmaak, maar Israel wou nie. In die jare na Jesus se opstanding sou Israel onder die nasies verstrooi word en Sy belofte was dat hulle Hom nie weer sou sien nie totdat hulle sê: *Prys hom wat in die*

Naam van die Here kom! (**Ps.118:26**). Met ander woorde, om Jesus as die Messias te erken (**Luk.13:34-35**). Sedert die hervestiging van die moderne staat Israel, het 3,3 miljoen Jode vanuit ten minste 120 nasies van die wêreld na Israel teruggekeer. *Ons vra met ons hele hart dat hulle, namate hulle terugkeer na Jerusalem, na die heuwel van Verlossing, inderdaad in hulle harte sal terugkeer na die Een wat gekom het in die Naam van die Here. Maak hulle geestelike oë en ore oop om te sien en te hoor en te verstaan dat Jesus Christus die weg, die waarheid en die lewe van die God van hulle voorvaders is.*

Jeug wat bid: Hoe bid ek vir my Anoreksiese vriendin?

Anoreksie is 'n ernstige en 'n potensiële dodelike versteuring. Die werklike oorsaak is onbekend, maar daar word aanvaar dat 'n aantal faktore soos emosionele en fisieke faktore asook sekere gedragspatrone daartoe kan bydra.

As ons vir hierdie mense bid, moet ons nie preek of voorgee dat ons kenners op die gebied is nie. Dit is 'n sensitiewe saak wat baie pyn en kommer veroorsaak vir die anoreksielyer, die ouers en vir vriende. Wat belangrik is, is dat jy hulle moet liefhê en vir hulle moet bid. Die volgende is 'n paar gedagtes wat jy met jou vriende kan deel oor hoe om te bid en om te gee vir mense wat aan anoreksie ly. Jou gebede sal 'n verskil maak, want God antwoord gebed.

- **Disfunksionele gesinne**: Mense wat aan anoreksie ly, woon dikwels in disfunksionele gesinne. Soms mag die verhoudings in 'n gesin daartoe lei dat jongmense in die strik trap veral as die pa en/of die ma baie dominerend is en/of oorbeskermend. Die kind mag dit sien as outoritêre beheer en dat daar geen vryheid is om sy eie besluite te neem nie. Nog 'n probleem is dat daar soms nie openlike en eerlike kommunikasie in die gesinskring is nie. Bid en vra die Here om die gesin te wys of daar enigiets in die gesinsopset is wat anoreksie kan veroorsaak. Bid dat daar nie ontkenning sal wees nie en dat die ouers nie bedreig voel nie, maar dat hulle gewillig sal wees om daaraan te werk en as dit nodig is, berading te kry.
- **'n Valse gevoel van Beheer**: Soms mag jongmense voel dat hulle nie erken word vir wie hulle is nie, vir hulle gawes en waartoe hulle in staat is nie. Daar is dikwels 'n sterk drang om te beheer. Deur hulle eetgewoontes probeer hulle "beheer" oor hulle eie lewens kry en daardeur wys dat hulle in staat is om iets op hulle eie te doen. Bid dat jongmense die nuttelоosheid van sulke denkpatrone sal insien en dat hulle gewillig sal wees om hulle lewens aan Jesus Christus en die Heilige Gees oor te gee om hulle laste te dra, sodat hulle volkome bevryding en aanvaarding kan beleef.
- **Oorgawe**: Bid dat hulle sal verstaan dat God in beheer is van alles en dat hulle kan ontspan. As God in beheer is, is daar geen verwerping nie, daar is geen behoefte om jouself te bewys of aanvaarding te probeer verdien nie. Jy kan net jouself wees.
- **Identiteitskrisis**: Anoreksielyers worstel dikwels met 'n identiteitskrisis en het dikwels 'n totaal verkeerde siening van hulle eie waarde en veral van hulle eie liggame. Sommiges haat hulle liggame om verskillende redes en voel dat hulle dit kan regstel deur hulle eetgewoontes radikaal te verander. Bid dat hulle hul identiteit in Christus sal vind en in staat sal wees om hulleself te sien soos God hulle sien. Vra dat hulle sal verstaan dat God hulle onvoorwaardelik liefhet, dat Hy hulle gemaak het en trots is op hulle.
- **Verwerping**: Sommige van hulle vrees verwerping en voel dat as hulle gewig kan verloor, hulle meer aanvaarbaar sal wees vir ander mense. Bid dat hulle die liefde en aanvaarding van vriende en familie sal ervaar en ook die aanvaarding van God. Vra dat hulle sal verstaan dat God hulle waardeer en in hulle glo omdat Hy hulle gemaak het en die mooiste planne vir hulle het (**Jeremia 29:11-14**).
- **Word gerespekteer as 'n persoon**: Alle mense het minstens twee basiese behoeftes: om liefgehê te word (versus verwerping) en om waarde te hê, om iets te kan bydra. Vra die Here om jongmense deur die Heilige Gees te oortuig dat hulle liefgehê word, dat hulle belangrik is en dat hulle nodig is. Vra dat mense van buite anoreksielyers sal help deur hulle met respek te behandel op so 'n wyse dat hulle waardevol en geliefd voel.
- **Verwronge selfbeeld**: Anoreksielyers is dikwels bang vir sosiale interaksie, het 'n lae selfbeeld en is bang om voor mense te eet. Hulle is dikwels perfeksioniste. Hulle is geneig om hulself te onttrek en 'n verwronge begrip van wie hulle regtig is, begin ontwikkel. Gevolglik begin hulle voel dat mense hulle

verwerp en dit is die rede waarom hulle so ongemaklik voel. Die kern hiervan is 'n verwronge selfbeeld. Bid dat alle leuens oor wie hulle in Christus is, geopenbaar sal word en dat hulle bevry sal word van hierdie leuens. Leuens en onkunde bind ons, maar die waarheid maak ons vry.

- **Moed om die waarheid te erken**: Vra die Here om gewilligheid in die harte van anoreksielyers te werk om hulle probleem te erken en hulp te gaan soek.
- **Verwronge beeld van geluk**: Hulle ontken die meeste van die tyd dat hulle ondergewig is. Hulle voel dat geluk nie vir hulle bedoel is nie en hulle streef na perfeksie. Bid dat hulle sal verstaan dat God hulle geskep het sodat hulle lewe kan hê, en dit in oorvloed (**Johannes 10:10**).
- **Dek hulle toe in gebed**: As jy vir hulle bid, onthou om in die Naam van Jesus die gees van die dood, leuens en vernietiging te weerstaan (**Jakobus 4:7**).
- **Aanvaarding deur vriende en familie**: Die belangrikste is dat hulle as mense aanvaar word. Moenie kwaad word en hulle veroordeel nie. Bid dat familie en vriende hulle ook so sal behandel.
- **Bly staan**: Bid met hoop, met geloof. Lees die Woord en bid God se beloftes van hoop en lewe oor hierdie kinders so dikwels as wat die Heilige Gees jou herinner.

Saterdag 25 April 2009

Gebedsfokus op gesondheid: Stryd teen malaria

Suid-Afrika was een van die eerste lande ter wêreld wat die RDT (*rapid diagnostic test*) bekendgestel het om pasiënte te diagnoseer en was ook een van die eerste lande wat sy aanvanklike behandeling van ongekompliseerde malaria na ACT (artemisinien-gebaseerde kombinasieterapie) verander het. (Webruimte: http://business.iafrica.com/opinion/1088700.htm). Dank God dat Hy ons land geseën het as 'n ligbaken vir ander nasies en dat Hy gebede beantwoord het vir die behandeling van malaria. Bid dat baie mense voordeel uit hierdie navorsing sal trek.

Gebedsfokus op ongeletterdheid: Vroue wêreldwyd

Ongeveer twee derdes van die wêreld se 876 miljoen ongeletterdes is vroue, en daar word nie verwag dat die syfer binne die volgende 20 jaar beduidend sal daal nie. (Webruimte: http://tahirih.org/tahirih/howtohelp/assets/Statistics%20on%20Women%20Worldwide.doc). Hou aan bid vir die benarde posisie van vroue wêreldwyd en dat effektiewe maatreëls getref sal word om die situasie te verander. Vra ook dat dit vir hierdie vroue en ook kinders moontlik sal wees om die evangelie te hoor en na die Bybel te luister. Bid dat God talle bonatuurlik in staat sal stel om hulle Bybels te kan lees.

Sondag 26 April 2009

Memoriseer

Gras verdor en blomme verwelk, maar die woord van ons God bly vir ewig (**Jes.40:8**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … want God beskerm die getroue geliefde

Betuig julle liefde vir Hom, julle almal wat die guns van die Here geniet. Die Here beskerm dié wat aan Hom getrou is, maar dié wat teen Hom opstandig is, straf Hy swaar (**Ps.31:24**).

Kyk rondom jou: Die mees verrassende ding omtrent kind van God te wees, is dat ons nie nodig het om iets te "doen" om God se liefde te verdien nie. Nogtans wil mense steeds iets wees of doen om te wys dat hulle "beter" is sodat hulle ten minste kan voel dat God meer van hulle hou. Dit is egter nie 'n kwessie by God nie. Hy het jou lief – punt. Maar Hy beskerm óók diegene wat getrou is. Die *Nuwe Lewende Vertaling* stel dit so: *Hy beskerm almal wat getrou is, maar verwaandes straf Hy swaar.* Niks wat jy kan doen of bereik, sal God ooit beïndruk nie. Hy is beïndruk met jou omdat Hy jou gemaak het, omdat Sy liefde onvoorwaardelik is. Jy is Sy

kind en daarom hoef jy niks te doen om dit te verdien om Sy kind te wees of om deur Hom liefgehê te word nie.

Kyk na binne: Voel jy dat jy God se guns of liefde moet verdien? Waarom dink jy is dit waar omtrent jouself? Wat dink jy daarvan dat God jou beskerm omdat jy lojaal en getrou is aan Hom? Wat is jou persepsie daarvan om lojaal te wees teenoor God? Is daar arrogansie in jou lewe?

Kyk na God: Vader, vergewe my dat ek U en U weë misken het. Dankie dat U my altyd onvoorwaardelik liefhet. Dankie dat U my leer dat U my ook beskerm. Ek het U met my hele hart lief en eer U.

Maandag 27 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat daar geen manipulasie sal wees wanneer die uitslae bekend gemaak word nie en dat die uitslae 'n weerspieëling van die werklike situasie sal wees. Vra dat mense selfbeheersing sal hê en nie ander sal aanval of sal begin om eiendom te vernietig nie.

Gebedsfokus op die evangelie: Indië

Die internasionele evangelie-radionetwerk Trans World Radio (TWR) het hulle doelwit wat hulle vroeër vanjaar gestel het om 2 000 radio's aan Gelowiges in Indië te versprei, verdubbel. Die entoesiastiese reaksie op hulle veldtog het dit vir hulle moontlik gemaak om 4 000 radio's te stuur waarmee die eienaars na die evangelie kan luister. (Webruimte: http://www.christiantoday.com/article/thousands.of.new.radios.let.indias.believers.hear.gospel.message/21175.htm). Dank die Here vir hierdie gebed wat verhoor is! Hou aan bid dat nuwe Gelowiges sal groei en volwasse sal word.

Dinsdag 28 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Vra dat mense nie desperaat sal raak namate die uitslae bekend gemaak word nie, en dat hulle nie onverantwoordelike dinge sal doen of irrasionele besluite sal neem nie. Bid dat Christene nie sal ophou bid nadat die verkiesingsuitslae bekend gemaak is nie.

Gebedsfokus op die heiligheid van lewe: Aborsie bly onwettig in Brasilië

Twee wetsontwerpe om aborsie in Brasilië te wettig, is vir die derde keer verwerp, wat voorgestelde wetgewing wat vir meer as 17 jaar in die *Brazilian National Congress* onder bespreking was, dalk die nekslag toegedien het. Die meerderheid Brasiliane is nou meer as ooit daarteen gekant om aborsie te dekriminaliseer. Na 'n jaar waartydens 'n landswye pro-lewe-veldtog bekend gestel is, het die persentasie Brasiliane wat die wettiging van aborsie teenstaan, van 63% tot 68% toegeneem. (*Breaking Christian News*, e-pos: editor@breakingchristiannews.com). Dank die Here vir hierdie deurbraak in Brasilië. Vra dat baie ander nasies deur hierdie nuus bemoedig sal word om dieselfde kwessies in hulle eie lande met gebed en vas aan te pak. Bid ook dat aborsie nooit in Brasilië gewettig sal word nie.

Woensdag 29 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat nuwe gebedsgroepe wat die afgelope 4 maande tot stand gekom het, sal aanhou om gereeld bymekaar te kom vir gebed. Vra dat die getal gebedsgroepe wat die afgelope vier maande onder Christenleiers gevorm is, nou sal vermenigvuldig en dat hulle ernstig sal bid vir die herstel van ons land.

Gebedsfokus op hongersnood: Birma

Die span van die Free Burma Rangers (FBR) het wydverspreide hongersnood in die Arakangebied van westelike Birma aangemeld. Die prys van rys in die Arakangebied het van 140 tot 870 kyats per kilogram in die afgelope jaar gestyg. Dit is deels te wyte aan wydverspreide vernietiging van oeste as gevolg van 'n rotteplaag. Skole moes sluit en boere was verplig om hulle mislukte plase te verlaat om kos te gaan soek. Duisende mense ly honger. (Free Burma Rangers, webruimte: www.freeburmarangers.org). Roep tot God om

die situasie te verander, nie net in Birma nie, maar ook in al die ander lande wat onder dieselfde omstandighede ly.

ARTIKEL: Verbintenis (commitment) vs. Oorgawe

Die woord verbintenis (commitment) is in wese nie 'n Bybelse konsep nie. Dit is min of meer sedert die 1960's dat Christenskrywers en predikers begin het om die woord te gebruik. Vandag word mense gevra om 'n '*commitment*' te maak om Christus te volg, om sendingveld toe te gaan, om finansieel by te dra of om vir iets te bid.

Die woord *verbintenis* (commitment) beteken: 'n (wetlike) verpligting, 'n kontrak wat aangegaan is; wanneer ek myself deur 'n ooreenkoms of belofte verbind om iets te doen.

Die skuiwergat met verbintenis (commitment) is dat ons nog altyd kan besluit **wat en hoeveel** ons wil 'commit'. Die besluit is nog altyd ons s'n. Ons bly steeds in beheer. Dit is meer 'n humanistiese konsep as 'n Christenkonsep.

Die Skrif praat van **oorgawe**, nie verbintenisse nie. Die definisie van oorgawe is: om eienaarskap oor te gee, jouself oorwonne te verklaar; om beheer prys te gee. Dit beteken om jou onvoorwaardelik oor te gee; die prysgee van jou wetlike regte; 'n daad van gewillige onderwerping aan outoriteit; om afstand te doen; verloëning; om te oorhandig; om 'n geveg te staak; 'n neerlaag teenoor 'n opponent te erken.

Kom ons gee onsself aan God oor. Kom ons doen afstand van ons regte. As ons onsself aan God oorgee, is dit nie ons wat besluit wat ons met ons lewens, ons besittings of ons toekoms wil doen nie. Dit is net in oorgawe dat God met ons kan doen wat Hy wil doen. Oorgawe is onvoorwaardelike toewyding, 'n onvoorwaardelike verbintenis. Dit druis in teen die grein van hierdie era van humanisme. Dit is net in algehele oorgawe dat ons regtig kan bid: "U wil geskied." Dit is in algehele oorgawe dat ons uit die pad kom sodat God in en deur ons kan werk of selfs om ons eenkant te laat staan sodat Hy deur iemand anders kan werk om gedoen te kry wat gedoen moet word.

Oorgawe is 'n absolute **daad van geloof.** Dit is om te sê: "Here, ek vertrou U." Gebed vanuit 'n posisie van oorgawe, nie as gevolg van 'n verbintenis of ooreenkoms, stel God vry om ver bo dit wat ons kan dink of droom te werk. Een van die grootste verskille tussen 'n verbintenis en oorgawe is dat deur verbintenisse (commitments) dinge van my afhanklik is; maar in oorgawe gee ek alles aan God. Ek sal faal, maar Hy sal nooit. Om myself te verbind sonder oorgawe beteken dikwels dat ekself probeer doen wat net God deur my sou kon doen as ek aan Hom oorgegee was.

'Commitment' kom ná oorgawe. Nadat ons onvoorwaardelik oorgegee het, hóú ons by ons ooreenkoms, wat ook al die prys. Vroeër of later kom die Christen se lewe op die plek waar daar 'n prys betaal moet word. Dit is hier waar oorgawe ons deurdra ongeag ons omstandighede, gebrek aan geloof, krag of onwilligheid. Ons kan onsself bv. verbind tot 'n sekere taak. Sodra ander druk kom, voel ons miskien dat ons dit net nie kan doen nie. Dit is waar oorgawe inkom: Ek bly toegewy ongeag die omstandighede.

Ons voel soms dat God ons vra om iets te doen. Na gebed en raad is ons seker dat ons moet voortgaan. Ons slaan ons hand aan die ploeg en ons begin. Maar dan duik allerhande soorte probleme op en ons voel dat ons nie kan voortgaan nie. Skielik begin ons verskonings soek: Miskien het God nie met my hieroor gepraat nie of miskien is dit tyd dat ek aan iemand anders oorgee. Te veel hoor ek mense sê: "Jy weet, God gebruik my om iets te begin en dan aan te beweeg." Ek is nie oortuig dat dit altyd waar is nie. Dit is baie maklik om iets te begin. As niks kom van dit wat ek begin het nie, kan ek ander blameer van ontrouheid of dat hulle nie luister as God met hulle praat nie. Baie dikwels is die probleem egter 'n gebrek aan oorgawe om die taak af te handel. Daar is soveel keer trots in die feit dat ons betrokke was by die begin van iets omdat ons nou kan sê: "Jy weet, dit was eintlik ek wat dit begin het." Moenie iets begin as jy jouself nie kan verbind om dit klaar te

maak nie. Ons het te veel naellopers in die Koninkryk van God, maar daar is nie genoeg mense wat gewillig is om die marathon klaar te maak nie. Die Christelike wedloop is 'n marathon. God se marathon vereis opleiding, oefening, verbintenis, oorgawe én toewyding.

Donderdag 30 April 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid vir die aanstelling van nuwe parlementslede, dat God ons genadig sal wees deur godvresende mans en vroue te gee wat hierdie verantwoordelike gesagsposisies sal inneem. Bid vir die inhuldiging van die nuwe president, dat sy hart werklik naby God sal wees om slegs Sy bedoelings te vervul.

Gebedsfokus op redding: Broenei

Moslems in Broenei beoog om teen 2020 'n "suiwer" Islamitiese staat te wees. Die koning is na bewering die wêreld se rykste man. Bid dat lede van die groot koninklike familie hulle tot Christus sal bekeer. Bid ook vir die politieke bevryding van die land. Bid dat Broeneise Maleiers, van die Sultan en sy familie, regdeur al die lae van die samelewing, 'n honger na geestelike waarheid en vrede met God sal hê, en dit sal ontdek deur die Skrif te lees, na Christelike uitsendings te luister, en so meer. Bid dat duisende en duisende Broeneise Maleiers ontvanklik sal wees om Jesus Christus in hulle lewens te ontvang en te erken. (*Operation World*, bl. 126, webruimte: http://www.operationworld.org of e-pos: info@operationworld.org).

Vrydag 1 Mei 2009

Gebedsfokus op die 2009-verkiesing: Bid dat die inhuldiging van alle nuwe parlementslede sonder versuim sal plaasvind en dat God Homself op 'n bonatuurlike manier aan hulle sal openbaar, sodat hulle Christus bo alles sal kies. Bid vir die aanstelling van mense in leiersposisies op beide nasionale en streeksvlak, dat God ons genadig sal wees deur mans en vroue te gee wat met integriteit leef.

Gebedsfokus op arbeid: Werkersdag

In baie lande regoor die wêreld dink mense op *Meidag* aan die bydrae wat werkers in die samelewing lewer. (Sommige lande vier nie hierdie vakansiedag nie omdat dit 'n kommunistiese oorsprong het.) Dit is tradisioneel 'n dag waarop daar teen lae lone en swak werksomstandighede geprotesteer word. (Webruimte: http://africanhistory.about.com/library/bl/blsaholidays.htm). Bid asseblief vir God se genade oor ons nasie vandag. Roep tot Hom vir 'n openbaring van Sy heiligheid. Vra dat talle sal besef dat hulle God nodig het. Bid vir vrede in ons land en dat daar tydens die viering vandag geen lewensverlies sal wees nie.

Saterdag 2 Mei 2009

Gebedsfokus op 2009-verkiesing: Dank die Here vir al die gebede rakende die verkiesing en ons land wat Hy die afgelope paar maande beantwoord het. Dank Hom en prys Sy Naam vir elke siel wat gered is, vir elke hart wat aangeraak is en vir Sy seën. Dank die Here dat Hy ons nie volgens ons sondes, oortredings en ongeregtighede beloon nie. Dank die Here wat ons staande hou en wat ons optel as ons val.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Gedurende die afgelope twee jaar is uitstekende videomateriaal wat die verhaal van die wêreldwye 24-7 gebed vertel, in baie tale wêreldwyd versprei. Die reaksie ten opsigte van terugvoer, aanmoediging en nuwe gebedswake wat gestig word, is baie spesiaal. Hou asseblief aan bid dat hierdie videomateriaal in meer tale regoor die wêreld gedupliseer en versprei sal word. Vra dat baie Christene daardeur bemoedig sal word en vir deurbrake in hulle eie gemeenskappe sal begin bid.

Sondag 3 Mei 2009

Memoriseer

Hy wat by die Allerhoogste skuiling vind, [geniet] die beskerming van die Almagtige (**Ps.91:1**).

Identiteit: Geskep om lief te hê … want God verlos hulle wat Hom liefhet.

Julle het die Here lief; haat dan wat sleg is! Hy bewaar die lewe van Sy troue dienaars, Hy red hulle uit die greep van die goddelose (**Ps.97:10**).

Kyk rondom jou: Die duiwel kry dit reg om so baie Christene so baie leuens te laat glo! As ons maar net weet en werklik glo wat die Woord sê! As 'n mens God waarlik met jou hele hart liefhet, sal jy nie hoef te probeer om nie verkeerde dinge te doen en uit die moeilikheid te bly nie. Ons sal so besig wees om maniere te soek om God te behaag en vir Hom te wys hoe lief ons Hom het, dat ons nie nog tyd sal oorhê om die verkeerde dinge te probeer vermy nie! Die probleem met sonde is dat dit so aanloklik voorgestel word. As ons ons egter eers daarop toelê om God lief te hê, sal ons die bose regtig begin haat. Ons wil dan nie dinge doen wat verkeerd is nie, omdat ons weet dat ons God nie daardeur sal behaag nie. God is baie duidelik hieromtrent. Hy sal hulle wat Hom liefhet, verlos uit die mag van die bose. Dit wil nie sê dat die bose jou nooit sal pla nie – God beloof egter om jou te verlos uit die hand van die bose. So eenvoudig is dit, maar jy moet God liefhê en die bose haat.

Kyk na binne: Sukkel jy om die regte keuses te maak? Is dit moeilik om versoeking te weerstaan? Meeste Christene worstel hiermee. Tog kan ons vir God vra om ons te help deur ons denke heeltemal te verander en op 'n nuwe manier op Sy beloftes te vertrou.

Kyk na God: Vader God, vergewe my dat ek U volgens my eie gedagtes beoordeel en dat ek nie die bevrydende waarhede uit U Woord ken nie. Vernuwe asseblief my denke. Gee my 'n honger en dors om U heelhartig te ken, lief te hê en te volg.

Maandag 4 Mei 2009

Gebedsfokus op verlossing: Skoonmakers

Duisende Suid-Afrikaners word in diens geneem deur skoonmaakdienste as huishulpe, industriële en munisipale werkers, hotelskoonmakers, en so meer. Dit is nie 'n goed besoldigde werk nie, maar speel 'n belangrike rol in die handhawing van basiese higiëne en 'n gesonde omgewing. Bid dat God Homself aan skoonmakers sal openbaar. Vra dat hulle getrou sal werk en werk van hoogstaande gehalte sal lewer. Bid ook dat Christenskoonmakers teenoor ander skoonmakers en selfs hul werkgewers van Jesus se liefde sal getuig. Bid ook dat werkers regverdig besoldig sal word.

Gebedsfokus: *Wêrelddag van Gebed* en 24-7 gebed

Bid steeds vir die vertaling van videomateriaal oor 24-7 gebed in baie meer tale van die wêreld. Vra dat God die harte van kerk-, besigheids-, politieke en ander leiers sal aanvuur met hoop om mense in hulle invloedsfeer aan te moedig om te begin bid vir deurbrake en verandering in moeilike omstandighede.